



DRAMAWEBSA

www.dramawebsa.co.za



IN SAMEWERKING MET DIE KKNK
EN ONDERSTEUN DEUR DIE ATKV





Dramaweb SA is 'n nasionale aanlyn dramakompetisie. Deelnemers kan nou met minimale moeite en koste nasionaal teen ander meeding. Dramaweb SA skep 'n platform waar leerders hul drama-talent in die gemak van hul eie huis kan uitleef en ontwikkel, met kundige beoordelaars wat regstaan met advies, om uiteindelik die uitvoerende kunste te bevorder.

Agtergrond

Dramaweb SA is in 2020 tydens Suid-Afrika se eerste nasionale inperking geloods. As drama-afrigter en stigter, was Ira Blanckenberg bekommerd en ontsteld dat dramakompetisies en eisteddfods vir skoolleerders a.g.v. die pandemie deurgaans gekanselleer is. Sy is deeglik bewus van die belangrikheid hiervan in elke dramaleerder se skooljaar, van die vreugde wat dit verskaf, en ook die geleentheid om te groei en te presteer. Sy en haar man, Waldi Schultz, het ingespring om 'n aanlyn kompetisie op die been te bring waar leerders steeds die geleentheid gegun word om kreatief te wees, hul talent te bevorder en mee te ding. Die ondersteuning was oorweldigend en die reaksie op die professionele en waardevolle, gedetailleerde terugvoer aan elke deelnemer deur professionele afrigters en mense in die beroep, was uitstaande. Elke deelnemer het 'n digitale sertifikaat ontvang met hul simbool daarop. Die feit dat deelnemers nie tot hul eie streke beperk was nie, maar landswyd kon meeding, was 'n nuuttjie en het groot opwinding veroorsaak. Inskrywings het van regoor Suid-Afrika en selfs Namibië ingestroom. Die finale ronde, waarin tien deelnemers uit elke graad-afdeling regstreeks via Zoom voor drie beoordelaars moes optree, was 'n fees van talent, met deelnemers van o.a. Namibië, Hermanus, Thabazimbi, Centurion, Durbanville, KwaZulu-Natal en vele meer. Die beoordelaars (Ira Blanckenberg, Waldi Schultz en Marvin-Lee Beukes) was werklik beïndruk met die hoë gehalte van die werk. Elke finalis het 'n sertifikaat ontvang. Die wenners van elke kategorie is met prysgeld van R1 000 beloon.

Hier kom groot drama!

Jy kan van regoor die wêreld aan verskeie items in Afrikaans én Engels deelneem.

Belangrike datums

- **1 Maart 2021:** Bekendstelling van Dramaweb SA 2021
- **8 Maart 2021:** Elektroniese inskrywings oop
- **31 Mei 2021:** Inskrywings sluit (alle videos moet ingedien wees)
- **3 Julie 2021:** Regstreekse uitsending van die Afrikaanse finaal van alle afdelings. Mense kan wêreldwyd inskakel om te kyk. Prysuitdeling om 18:30.
- **4 Julie 2021:** Regstreekse aanlyn uitsending van die finale ronde van die Engelse finaliste, met die prysuitdeling om 18:30.



Afrikaanse Kategorieë

Graad RR tot graad 1

- Ongedramatiseerde gedig
- Gedramatiseerde gedig
- Mimiek

***Maksimum twee (2) minute**

Graad 2 tot 4

- Ongedramatiseerde gedig
- Gedramatiseerde gedig
- Prosa
- Voorbereide lees
- Mimiek

***Maksimum twee (2) minute**

Graad 5 tot 7

- Ongedramatiseerde gedig
- Gedramatiseerde gedig
- Prosa
- Gedramatiseerde prosa
- Monoloog
- Mimiek

***Maksimum drie (3) minute**

Graad 8 tot 10

- Ongedramatiseerde gedig
- Gedramatiseerde gedig
- Prosa
- Gedramatiseerde prosa
- Monoloog
- Mimiek

***Maksimum vyf (5) minute**

Graad 11 tot 12

- Gedig
- Gedramatiseerde gedig
- Prosa
- Gedramatiseerde prosa
- Monoloog
- Mimiek

***Maksimum vyf (5) minute**



English Categories

Grade RR - 1

- Poetry
 - Dramatised poetry
 - Mime
- *Maximum two (2) minutes**

Grade 2 - 4

- Poetry
 - Dramatised poetry
 - Prepared reading
 - Prose
 - Mime
- *Maximum two (2) minutes**

Grade 5 to 7

- Poetry
 - Dramatised poetry
 - Prose
 - Dramatised prose
 - Monologue
 - Mime
- *Maximum three (3) minutes**

Grade 8 to 10

- Poetry
 - Dramatised poetry
 - Prose
 - Dramatised prose
 - Monologue
 - Mime
- *Maximum five (5) minutes**

Grade 11 to 12

- Poetry
 - Dramatised poetry
 - Prose
 - Dramatised prose
 - Monologue
 - Mime
- *Maximum five (5) minutes**



Belangrik: Deelnemers kies vir alle items hul eie materiaal.

Inskrywingsgeld

Die inskrywingsgeld is R150 per item. Wanneer deelnemers inskryf, moet die bewys van betaling (R150 per item) aangeheg word.

BANK:
Capitec

REKENINGHOUER:
Dramaweb SA

REKENINGNOMMER:
1758932315

VERWYSING:
Naam en van van deelnemer (Bv. Ira Blanckenberg)

Verloop

- 'n Paneel kundige beoordelaars evalueer elke deelnemer se item in video-formaat.
- Elke deelnemer ontvang 'n elektroniese sertifikaat met volledige kommentaar of advies vanaf die beoordelaars, vir elke item gelewer.
- Die top 10 in elke afdeling word bepaal op grond van persentasiepunte.
- Om in aanmerking te kom vir die finale ronde, moet laerskooldeelnemers aan ten minste een item deelneem en hoërskooldeelnemers aan ten minste twee items. Hierdie twee items vir hoërskoolleerders moet albei in Afrikaans of albei in Engels wees. As 'n hoërskoolleerder in aanmerking wil kom vir die Afrikaanse en Engelse finaal moet hy/sy dus ten minste vier items (twee Afrikaans en twee Engels) inskryf. Die hoogste twee punte van elke deelnemer op hoërskoolvlak word in ag geneem om te bepaal of hul na die finaal deurdring as hul vir meer as twee items inskryf per taal.
- Die finaal vind op 3 Julie (vir Afrikaanse items) en 4 Julie (vir Engelse items) plaas en word regstreeks uitgesaai via die Dramaweb SA-webwerf en ander platforms. Tydens die finaal lewer laerskoolleerders hul item en hoërskoolleerders twee items regstreeks voor drie beoordelaars en 'n gehoor wat van enige plek in die wêreld kan inskakel. Dieselfde items as waarmee die finaal bereik is, word gelewer. Hoërskoolleerders tree ook op met 'n addisionele kort item, wat met die aankondiging van die finaliste aan hul gestuur word. Hier het hul vrye teuels om kreatief te wees met dieselfde stukkie teks.
- Die wenners van alle afdelings word na afloop van die finaal regstreeks op Dramaweb SA se webblad, asook op sosiale en ander tradisionele media aangekondig.

Sertifikate

| | |
|-------------------|---------------|
| Deelname: | 59% en minder |
| Bron: | 60% tot 64% |
| Bron+: | 65% tot 69% |
| Silwer: | 70% tot 74% |
| Silwer+: | 75% tot 79% |
| Goud: | 80% tot 84% |
| Goud+: | 85% tot 89% |
| Cum Laude: | 90% tot 100% |

Pryse

'n Wenner word in elke groep aangewys in die Afrikaanse én Engelse afdelings. Daar is dus tien wenners. Dié tien leerders ontvang elk R1 000 prysgeld. Addisionele opwindende pryse word mettertyd aangekondig. Hou die webblad en sosiale media dop vir meer inligting.



Vereistes en wenke vir video-opnames

- Probeer om in 'n stil omgewing met min agtergrond geraas op te neem.
- Die agtergrond moet so eenvoudig as moontlik wees (bv. 'n wit muur of neutrale gordyne).
- Maak seker dat daar genoeg lig op die deelnemer se gesig is.
- Die klankgehalte moet van so 'n aard wees dat die deelnemer duidelik hoorbaar is.
- Afrigters word nie toegelaat om agter of langs die kamera vir die deelnemer voor te speel nie.
- Vir elke item moet die video begin waar die deelnemer hulself voorstel met hul ITEMKODE, hul naam en van, gevolg deur die titel van die inhoud wat gebruik word en die skrywer se besonderhede.

Spesifieke vereistes vir gedig, prosa en voorbereide lees

- Enige materiaal wat gepas is vir die ouderdom en pas in die tydsbeperking kan gebruik word.
- Begin deur jou ITEMKODE aan te kondig, gevolg deur jou NAAM en VAN. Kondig dan die gedig/ uittreksel/boek se titel en digter/skrywer aan, en dan volg die opvoering.
- Die video moet 'n medium lyfskoot wees (kop bo-aan videoraam, heupe onderaan videoraam) met geen redigering toegelaat nie.
- Die deelnemer kyk reguit in die kamera in.

Spesifieke vereistes vir gedramatiseerde gedig, gedramatiseerde prosa, monoloog en mimiek

- Enige materiaal wat gepas is vir die ouderdom en pas in die tydsbeperking kan gebruik word.
- Gepaste beweging, minimale stel, kostuums en rekwisiete word toegelaat.
- Die deelnemer begin met hul ITEMKODE, NAAM en VAN. Hierna volg die gedig/uittreksel se titel en skrywer, waarna hul direk oorgaan in hul optrede.
- Die video moet 'n wye landskapskoot wees om die hele speelarea in te sluit.
- Geen redigering is toelaatbaar nie, maar indien daar soms effens ingezoem word, is dit aanvaarbaar. Dit is egter nie 'n vereiste nie.
- Maak seker daar is genoeg lig dat die speler te alle tye gesien kan word.



Reëls en wenke vir items

Ongedramatiseerde gedig

- Staar op een plek met natuurlike lyftaal eerder as geforseerde handbewegings.

Gedramatiseerde gedig

- Bewegings en dramatisering word toegelaat.
- Minimale stel, kostuum en rekvisiete is nie 'n vereiste nie, maar word toegelaat.

Voorbereide lees

- Die voorlees van enige gepaste uittreksel uit 'n gepubliseerde boek.
- Hou die boek gemaklik voor jou bors sodat ons steeds jou gesig kan sien.
- Maak gereeld oogkontak met die kamera/gehoor.

Prosa

- 'n Uittreksel uit 'n gepubliseerde boek.
- Geen beweging word toegelaat nie.
- Natuurlike lyftaal is toelaatbaar, maar bly weg van geforseerde bewegings.
- Die uitbeeld van verskillende karakterstemme, dialoog en vertelling is toelaatbaar.
- Wanneer 'n karakter praat, kyk 45° na die kant toe.
- Die deelnemer kyk reguit in die kamera in, behalwe wanneer 'n karakter praat.

Gedramatiseerde prosa

- 'n Uittreksel uit 'n gepubliseerde boek.
- Meer as een karakter word meestal voorgestel, met vertelling tussenin.
- Beweging asook minimale stel, rekvisiete en kostuum word toegelaat.

Monoloog

- 'n Uittreksel uit 'n toneelstuk of 'n nuutgeskrewe werk.
- Hierdie is 'n eerstepersoon karakterisering waarin die ander karakter denkbeeldig op die verhoog is, of alternatief, die gehoor/kamera is.
- Beweging, minimale stel, rekvisiete en kostuums word toegelaat.

Mimiek

- 'n Kort verhaal wat d.m.v. beweging uitgebeeld word.
- Beweging, minimale stel, rekvisiete en kostuum word toegelaat.



Hoe om in te skryf

Inskrywings open op Maandag 8 Maart 2021. Videos kan eers later opgelaaai word.

Besoek www.dramawebsa.co.za

SKRYF NOU IN

- Inskrywings word digitaal ingedien – dit kan maklik op 'n slimfoon by die huis gedoen word.
- Die persoon wat die inskrywing indien moet 'n profiel skep op www.kknk.co.za/dramawebsa om dit moontlik te maak om later weer die video van elke item op te laai.
- Die bewys van betaling word gedurende die inskrywingsproses opgelaaai, so maak die betaling voordat daar ingeskryf word.
- Sodra die inskrywingsvorm ingedien is, ontvang die deelnemer 'n e-pos met 'n ITEMKODE wat gebruik word om haar/hom voor te stel wanneer die videos opgeneem word.
- Indien deelnemers binne een week geen bevestiging van ontvangs via e-pos gekry het nie, moet Dramaweb SA gekontak word.

Hoe om jou video te laai

- Sodra jy gemaklik is met die video ('n selfoonopname is voldoende) van jou item, moet jy weer inteken by die profiel wat jy geskep het op www.kknk.co.za/dramawebsa toe jy ingeskryf het.

KLIK HIER OM JOU VIDEO OP TE LAAI

- Die naam van die video moet jou ITEMKODE, naam en van wees.
- Kies die opsie om jou video op te laai.
- Kies jou video-dokument.
- Kies Stuur (Submit).
- Kontak Dramaweb SA as jy nie bevestiging ontvang het dat jou video opgelaaai is nie.
- Videos moet teen 31 Mei ingedien word.

Kansellasiebeleid

Geen inskrywingsgeld is terugbetaalbaar nie. Die inskrywingsgeld word slegs terugbetaal as die projek deur Dramaweb SA gekanselleer word. Deelnemers wat versuim om videos in te stuur nadat hulle vir die kompetisie geregistreer het, verbeur ongelukkig hul inskrywingsgeld.

Reëls

- Die video van alle items waarvoor 'n deelnemer ingeskryf het, moet Dramaweb SA teen 31 Mei 2021 bereik.
- Onvolledige en valse inligting kan tot die diskwalifikasie van 'n deelnemer lei.
- Dramaweb SA behou die reg voor om die kompetisie teen enige tyd op te kort of te beëindig, indien buitengewone omstandighede dit sou noodsaak.
- Onreëlmatighede, of nienakoming van die reëls van hierdie kompetisie kan lei tot diskwalifikasie.
- Die punte van die deelnemers word nie bekend gemaak nie. Die name van die finaliste en wenners verskyn wel op Dramaweb SA se webwerf, sosiale media en ander tradisionele media.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal deur die loop van die kompetisie daarvoor gevoer word nie.
- Dramaweb SA aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige stappe wat geneem word teen deelnemers wat kopieregte misbruik of materiaal gebruik waarvan opvoerregte van toepassing is en nie bekom is nie.
- Dramaweb SA behou die reg voor om te bepaal watter en hoeveel deelnemers na die finaal deurdring.
- Die persoon/persone wat inskryf, magtig Dramaweb SA om foto's en videos van die deelnemers te gebruik vir verslaggewing, asook vir beoordelings- en bemerkingsdoeleindes.
- Indiening van die inskrywingsvorm bring 'n basiese ooreenkoms tussen Dramaweb SA en die persoon/persone wat inskryf tot stand. Hierdie ooreenkoms impliseer dat die persoon/persone wat inskryf, streng volgens die reëls en tydligne van die kompetisie sal optree en dat Dramaweb SA die kompetisie streng volgens die reëls en tydligne sal aanbied.
- Die persoon/persone wat inskryf vrywaar Dramaweb SA teen enige eise wat mag ontstaan as gevolg van skade of verlies van watter aard ook al wat so 'n persoon/persone gedurende die hele verloop van die kompetisie mag ly.
- Die persoon/persone wat inskryf gee toestemming dat indien die deelnemer/leerder deurdring na die finaal sal sy/haar opvoering deel vorm van die regstreekse aanlyn uitsending op Dramaweb SA se webblad en sosiale media-platforms.

Kontakbesonderhede

Enige navrae van administratiewe aard kan aan Dramaweb SA gerig word:

Telefoonnommer: 044 203 8600

E-posadres: info@dramawebsa.co.za

Vir advies en ondersteuning, kontak vir Ira Blanckenberg, eienaar van Dramaweb SA:

E-posadres: ira@dramawebsa.co.za

Mediaskakels

#DramawebSA

Webblad: www.dramawebsa.co.za

Facebook: [@DramawebSA](https://www.facebook.com/DramawebSA)